

Hekelplanne met resbietjies

Jou trui is klaar gebrei en nou sit jy met lastige klein bolletjies breidraad. Volg ons paar kort en vinnige patrone om jou oorskietdraad op te hekel. Dis nuttige klein artikels wat op 'n basaar of 'n straatmark verkoop kan word

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

patrone verwerk deur SJOUKJE JORDAAN



foto's MARIAM GILLAN

SPELDEKUSSINGS

patroon deur die Ontwerpateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE

Mirage Baby 3-draad (25-g-bolle); resbietjies blou, groen, wit, pienk en geel. Paar gram swart en rooi vir gesiggies; Inox-hekelpen van 2,5 mm; vulsel

AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; vermin –

verminder deur uit elk van vlg 2 ste 'n lus te trek, gare rondom hekelpen en trek deur albei lusse; vlg – volgende; vermeer – vermeerder deur 2kb in vlg st te maak; herh – herhaal; grh – gare rondom hekelpen; sluit-gs – glipsteek in 1e' st van rondte om rondte te verbind.

MUIS

LYF

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en wit, maak 4ks, sluit-gs om ring te vorm.
1e rondte: 1ks, 6kb in ring, sluit-gs – 6kb.

'n Skilpad en muisie – oulike diertjies vir speldekussinkies, gehekel van driedraad.

2e rondte: 1ks, *kb in vlg kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs – 9kb.

3e rondte: 1ks, kb in elke kb rondom, sluit-gs.

4e rondte: 1ks, *kb in vlg 2kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs – 12kb.

5e rondte: Soos 3e rondte.

6e rondte: 1kb, *kb in vlg 3kb, ver-

meer in daaropvlg kb; herhaal van * rondom, sluit-gs - 15kb.

7e rondte: 1ks, *kb in vlg 4kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 18kb.

8e rondte: 1ks, *kb in vlg 5kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 21kb.

9e, 10e en 11e rondte: Hou aan met vermeer van 3kb in elke rondte - 30kb.

12e en 13e rondte: 1kb, kb in elke kb rondom, sluit-gs.

14e rondte: 1ks, *kb in vlg 9kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 33kb.

15e - 18e rondte: ks, kb in elke kb rondom, sluit-gs.

19e rondte: 1ks, *kb in vlg 9kb, vermin 1 st; herh van * rondom, sluit-gs - 30kb.

20e rondte: 1ks, *kb in elke van vlg 8kb, vermin 1 st; herh van * rondom, sluit-gs - 27kb.

21e - 23e rondte: Vermin 3 kb in elke rondte soos uiteengesit - 18kb.

24e rondte: 1ks, *kb in vlg kb, vermin 1 st; herh van * rondom, sluit-gs - 12kb.

Vul nou die lyf styf op.

25e rondte: 1ks, *vermin 1 st; herh van * rondom, sluit-gs - 6kb.

Knip gare af en werk netjies af.

ORE

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en pienk, maak 4ks.

1e ry: kb in 2e ks vanaf pen, kb in vlg 2ks, draai - 3kb.

2e ry: 1ks, kb in 1e kb, vermeer in vlg kb, kb in laaste kb - 4kb.

3e ry: 1ks, kb in 1e kb, vermeer in vlg 2kb, kb in laaste kb - 6kb.

4e ry: 1ks, kb in vlg 2kb, vermeer in daaropvlg 2kb, kb in laaste 2kb - 8kb. Knip gare af en werk netjies af.

AFWERKING

Werk ore aan kop vas. Borduur oë en neus soos op illustrasie gesien kan word.

Gebruik 'n dubbele pienk draad om 'n koordjie van ongeveer 15 cm lank te maak.

Maak 'n knoop in koordjie, sowat 2 cm van één punt en pluis punt om 'n tossel te vorm. Werk vas.

SKILPAD

BASIS

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en blou, begin met 4ks, sluit-gs om ring te vorm.

1e rondte: 6kb in ring, sluit-gs - 6kb.

2e rondte: 1ks, 2kb in elke kb rondom, sluit-gs - 12kb.

3e rondte: 1ks, *kb in vlg kb, vermeer in vlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 18kb.

4e rondte: 1ks, *kb in elke van vlg 2kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 24kb.

5e rondte: 1ks, *kb in vlg 3kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 30kb.

Hou aan om op dié manier telkens 6kb in elk van vlg 4 rondtes te vermeer - 54kb.** Knip gare af en werk netjies af.

DOP

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en groen, maak 4ks, sluit-gs om ring te vorm.

Steek pen deurgaans in agterste lusse, hekel soos uiteengesit vir basis tot **, gaan dan só voort.

Vlg 2 rondtes: 1ks, kb in elk kb rondom, sluit-gs.

Knip gare af en werk netjies af.

KOP

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en blou, maak 4ks, sluit-gs om ring te vorm.

1e rondte: 1ks, 6kb in ring, sluit-gs - 6kb.

2e rondte: 1ks, 2kb in elk kb rondom, sluit-gs - 12kb.

3e - 8e rondte: 1ks, kb in elke kb rondom, sluit-gs.

9e rondte: 1ks, *kb in vlg 2kb, vermin 1 st; herh van * rondom, sluit-gs - 9kb.

10e en 11e rondte: Soos 3e rondte.

Knip gare af en werk netjies af.

POTE (maak 4)

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en blou, maak 4ks, sluit-gs om ring te vorm.

1e rondte: 1ks, 6kb in ring, sluit-gs - 6kb.

2e rondte: 1ks, *kb in vlg kb, vermeer in daaropvlg kb; herh van * rondom, sluit-gs - 9kb.

3e - 6e rondte: 1ks, kb in elke kb rondom, sluit-gs.

Knip gare af en werk netjies af.

STERT

Gebruik 2,5-mm-hekelpen en blou, maak 4ks, sluit-gs om ring te vorm.

1e rondte: 1ks, 6kb in ring, sluit-gs.

2e - 5e rondte: 1ks, kb in elke kb rondom, sluit-gs.

Knip gare af en werk netjies af.

BLOM


Gebruik 2,5-mm-hekelpen en geel, maak 6ks, sluit-gs om ring te vorm.

1e rondte: *3ks, 2lb in ring, 2ks, gs in ring; herh van * nog 4 keer, sluit-gs - 5 blomblaartjies. Knip gare af en werk netjies af.

AFWERKING

Vul kop effens op, maar laat oop en plat. Moenie die pote en stert opvul nie.

Werk dop aan basis vas, steek pote en stert op regte plekke tussen dop en basis en werk só vas, laat 'n opening vir kop. Stop lyf flink op, plaas kop in posisie en werk opening toe. Werk blom op kop vas. Borduur oë, bek en middel van blommetjie soos op illustrasie gesien kan word.



'n Veelkleurige vatlappie gehekel van dubbelbreidraad.

RONDE VATLAP

patroon deur die Ontwerpateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE

Fiesta Pullskein of Chick DK (dubbelbreigare): resbietjies rooi, groen, geel, lugmagblou, wit en vlootblou; Inox-hekelpen van 4 mm.

MATE

Ongeveer 20 cm in deursnee.

AFKORTINGS

gs - glijpsteek; ks - kettingsteek; kb - kortbeen; ls(e) - lus(se); herh - herhaal; st(e) - steek (steke); lb - langbeen; K1 - rooi; K2 - groen; K3 - geel; K4 - lugmagblou; K5 - wit; K6 - vlootblou; sluit-gs - glijpsteek aan einde van rondte om laaste st van rondte aan 1e st te verbind.

AANWYSINGS

Begin met K1, hekel 3ks.

1e rondte: 11lb in 3e ks vanaf hekelpen, sluit-gs - 12lb.

2e rondte: Met K2, (1ks, 2kb) in elk lb rondom, sluit-gs - 24kb.

3e rondte: Met K3, *3ks, 2lb in vlg kb, 1lb in daaropvlg lb; herh van * rondom tot laaste kb, lb in laaste kb, sluit-gs - 36lb.

4e rondte: met K4, (1ks, 1kb) in elke lb van rondte, sluit-gs.

5e rondte: met K5, 3ks, lb in vlg kb, *2lb in vlg kb, 1lb in elk van vlg 2kb; herh van * rondom tot laaste kb, 2lb in laaste kb, sluit-gs - 48lb.

6e rondte: Met K6, (1ks, 1kb) in elke lb rondom, sluit-gs.

7e rondte: met K2, soos 5e rondte - 64lb.

8e rondte: Met K1, soos 4e rondte.

9e rondte: Met K4, soos 3e rondte - 96lb.

10e rondte: Met K3, soos 4e rondte.

11e rondte: Met K6, maak 13ks, gs in 11e ks vanaf hekelpen, lb in vlg kb; herh soos in 5e rondte vanaf * rondom - 128lb.

12e rondte: 1ks, 12kb in 10ks-ls, kb in elke lb rondom, sluit-gs.

Knip gare af en werk netjies af.